(NATAL EDITION)

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CXXXIX.] PRYS 6d. PRETORIA, 19 JANUARIE / 19 JANUARY 1945 PRICE 6d. [No. 3139

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingestuit.

No		BLADSY
	Proklamasies.	
✱	5. Oorlogsmaatreël No. 110 van 1944: Wysiging van die Regulasies betreffende die Bevordering en Terugstelling in Rang van Vrywilligerlede van die Unie-Verdedigingsmag (*B.S.* No. 3437).	
✱	6. Oostelike Caprivi Zipfel: Wysiging van Seëlregte en Fooie	75
✱	7. Volksraad Tussenverkiesing: Port Elizabeth (verskyn in *B.S.* No. 3140, gedateer 19 Januarie 1945).	
	Goewermentskennisgewings.	
	DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱	73. Wet op Diplomatieke Immuniteit, 1932: Registrasie	75
	DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:	
✱	57. Verbod op Indiensneming van Gereedskapsteller (*B.S* No. 3435).	
	DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:	
✱	65. Regulasies vir Naturelleboedels: Konsepwysiging	75
✱	70. Brou van Kafferbier vir Huishoudelike Verbruik	76
✱	74. Beheer en Verbetering van Lewende Hawe: Vasstelling van Vee-eenhede, Keimond-plase, Kentani	77
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
†	29. Maandelikse Opgawes deur Handelsbanke: Verbetering	77
✱	66. Tydelike Opskorting van Regte op Volroommelk, Gekondenseer en Versoet, wat in die Unie Ingevoer word	78
✱	67. Docanepakhuis, Port Elizabeth: Herroeping van Aanwysing	78
✱	75. Verlore Sertifikaat No. 409	78
✱	95. S.A. Reserwebank: Opgawe	78
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
✱	55. Aanstelling van Assistent-kontroleur van Petrol (*B.S.* No. 3437).	
✱	60. Maksimum Pryse van Tabak: Wysiging (*B.S.* No. 3437).	
✱	61. Voorwaardelike Vrystelling: Kledingstukke vir Distribueerders op 'n Suy-, Maak- en Afwerkgrondslag of 'n Maak- en Afwerkgrondslag Vervaardig (*B.S.* No. 3437).	
✱	63. Maksimum Prys van Kafferkoring (*B.S.* No. 3437).	
✱	64. Maksimum Pryse van Bene, Beenmeel, Ontlymde Fynbeenmeel en Veelekstof (*B.S.* No. 3437).	
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU:	
✱	59. Beheer oor Kunsmis en Bemestingstowwe (*B.S.* No. 3437).	
2112	...rgenome Demarkasie: Branders-bosreserwe, ...deling Stockenstroom	79

B.S. = *Buitengewone Staatskoerant.*

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazette Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Proclamations.	
✱	5. War Measure No. 110 of 1944: Amendment of the Regulations regarding Promotion and Reversion in Rank of Volunteer Members of the Union Defence Forces (*G.G.E.* No. 3437).	
✱	6. Eastern Caprivi Zipfel: Stamp Duties and Fees Amendment	75
✱	7. House of Assembly By-Election: Port Elizabeth (appearing in *G.G.E.* No. 3440, dated 19th January, 1945).	
	Government Notices.	
	DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.	
✱	73. Diplomatic Immunities Act, 1932: Registration	75
	DEPARTMENT OF DEFENCE:	
✱	57. Prohibition of Engagement of Toolsetters (*G.G.E.* No. 3437).	
	DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:	
✱	65. Native Estates Regulations: Draft Amendment	75
✱	70. Domestic Brewing of Kaffir Beer	76
✱	74. Control and Improvement of Livestock: Assessment of Cattle Units, Kei Mouth Farms, Kentani	77
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
†	29. Monthly Returns by Commercial Banks: Correction	77
✱	66. Temporary Duty Suspension on Full Cream Sweetened Condensed Milk Imported into the Union	78
✱	67. Bonded Warehouse, Port Elizabeth: Revocation of Appointment	78
✱	75. Lost Certificate No. 409	78
✱	95. S.A. Reserve Bank: Statement	79
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
✱	55. Appointment as Assistant Petrol Controller (*G.G.E.* No. 3437).	
✱	60. Maximum Prices of Tobaccos (*G.G.E.* No. 3437).	
✱	61. Conditional Exemption: Garments Manufactured for Distributors on a Cut, Make and Trim or Make and Trim Basis (*G.G.E.* No. 3437).	
✱	63. Maximum Price of Kaffir Corn (*G.G.E.* No. 3437).	
✱	64. Maximum Prices of Bones, Bone Meal, Degelatinised Bone Flour and Stock Licks (*G.G.E.* No. 3437).	
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FORESTRY:	
✱	59. Control of Fertilizers and Fertilizing Materials (*G.G.E.* No. 3437).	
2112.	Proposed Demarcation: Branders Forest Reserve, Division of Stockenstrom	79

G.G.E. = *Government Gazette Extraordinary.*

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
*	76. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Registrasie: Dale-kollege, Kingwilliamstown	79
*	77. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Registrasie: Beaconsfield Club, Johannesburg	79
*	78. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Registrasie: Normaalkollege, Studente-Unie, Bloemfontein	79
*	79. Nuusblad- en Drukkersnaam-Wet, 1934: Afkortings van Drukkersnaam Geregistreer	80
	DEPARTEMENT VAN VOLKSGESONDHEID:	
*	68. Raad van Transvaalse Gestigte: Aanstelling van Lede	80
	DEPARTEMENT VAN ARBEID:	
*	56. Persnywerheid, Witwatersrand: Aanstelling van Skeidsregter (*B.S.* No. 3437).	
*	58. Maalnywerheid, Unie van Suid-Afrika: Toekenning (*B.S.* No. 3437).	
*	72. Komitee vir Vakleerlinge in die Nywerheid van Juweliers en Goudsmede, Witwatersrand: Voorgestelde Aanwysing van Vakke	80
*	83. Vasstelling No. 123: Visnywerheid	80
*	84. Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Visnywerheid	95
*	85. Loonwet, 1937: Voorgenome Intrekking van Vasstellings Nos. 109, 72, 96, 84 en 80	95
*	86. Motornywerheid, Oostelike Provinsie: Wysigingsooreenkoms	95
	DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN:	
*	32. Registrasie van Oorlogsfondse (*B.S.* No. 3437).	
*	80. Somerset-Wes se Huurraad: Aanstelling van Lid	96
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
*	71. Uitreiking van 'n Diamantslypersliesensie	96
*	81. Aanstelling van Waarnemende Mynkommissaris, Pretoria	96
*	87. Uitreiking van 'n Diamantslypersliesensie	96
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
*	69. Plaaslike Landsraad vir die Distrikte Marico, Rustenburg, ens.: Aanstelling van Lid	97
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
*	82. Aanstellings, ens., van Vredesregters	97

Algemene Kennisgewings.

	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
	28. Opmeting van Kroongrond	97
	DIVERSE:	
*	32. Registrasie van Oorlogsfondse (*B.S.* No. 3437).	
*	33. Maatskappye Geregistreer gedurende Desember 1944	98
*	34. Waterhofaansoek: P. W. McCay	101
*	35. Waterhofaansoek: J. A. Visagie	102
*	36. Kennisgewing van Onteiening: Johannesburg	102
*	37. Kennisgewing van Onteiening: Cradock	103
*	38. Yk van Mate en Gewigte: Oos-Londen	103
*	39. Besproeiingsraad Doornrivier: Verkiesing	104
*	40. Besproeiingsraad Nuyrivier: Verkiesing	104
*	41. Besproeiingsraad Nkwa Leni: Verkiesing	104
*	42. Besproeiingsraad Klipfontein: Verkiesing	104
*	43 Besproeiingsraad Twyfelspoort: Verkiesing	104
*	44. Besproeiingsraad Hoopsrivier: Verkiesing	104
*	45. Besproeiingsraad Maasdorp: Verkiesing	104
*	46. Besproeiingsraad Neilersdrift: Verkiesing	104
*	47. Besproeiingsraad Mortimer: Verkiesing	105
*	48. Besproeiingsraad Koppieskraal: Verkiesing	105
*	49. Aansoek om Registrasie van Mineraalmynkleim	105
*	50. Aansoek om Registrasie van Mineraalmynkleims	105
*	51. Gesondheidsbulletin No. 2 van 1945	105
*	52. Ontsnapte Bandiet: Bottle Gush	106
*	53. Ontsnapte Bandiet: Klaas Mokwena	106
	Tenders	107
	Vakature vir Verpleegster, Kingwilliamstown	111
	Vakature vir Vroulike Klerk (Graad II), Lagersdrift	111
	Vakatures vir Twee Tydelike Opsigters	112
	Vakatures vir Onderwyseres, Durbanville	112
	Vakature vir Onderwyseres, Ladybrand	112
	Vakatures vir Professionele Assistente	113
	Vakante Poste vir Distriks- en Addisionele Distriksgeneeshere	113
	S.A.S. en Hawens: Staat van Inkomste en Uitgawe	115

(Vir vervolg sien laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF THE INTERIOR:	
*	76. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: Registration: Dale College, Kingwilliamstown	79
*	77. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: Registration: Beaconsfield Club, Johannesburg	79
*	78. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: Registration: Normaalkollege Studente-Unie, Bloemfontein	79
*	79. Newspaper and Imprint Act, 1934: Imprint Abbreviations Registered	80
	DEPARTMENT OF PUBLIC HEALTH:	
*	68. Transvaal Asylums Board: Appointment of Members	80
	DEPARTMENT OF LABOUR:	
*	56. Pressing Industry, Witwatersrand: Appointment of Arbitrator (G.G.E. No. 3437).	
*	58. Milling Industry, Union of South Africa: Award (*G.G.E.* No. 3437).	
*	72. Witwatersrand Jewellers' and Goldsmiths' Industry Apprenticeship Committee: Proposed Designation of Trades	80
*	83. Determination No. 123: Fish Industry	80
*	84. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Fish Industry	95
*	85. Wage Act, 1937: Proposed Cancellation of Determinations Nos. 109, 72, 96, 84 and 80	95
*	86. Motor Industry, Eastern Province: Amending Agreement	95
	DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE:	
*	32. Registration of War Funds (*G.G.E.* No. 3437).	
*	80. Somerset West Rent Board: Appointment of Member	96
	DEPARTMENT OF MINES	
*	71. Issue of a Diamond Cutter's Licence	96
*	81. Appointment of Acting Mining Commissioner, Pretoria	96
*	87. Issue of a Diamond Cutter's Licence	96
	DEPARTMENT OF LANDS:	
*	69. Local Land Board for the Districts of Marico, Rustenburg, etc.: Appointment of Member	97
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
*	82. Appointments, etc., of Justices of the Peace	97

General Notices.

	DEPARTMENT OF LANDS:	
	28. Crown Land Surveys (Cape)	97
	MISCELLANEOUS:	
*	32. Registration of War Funds (*G.G.E.* No. 3437).	
*	33. Companies Registered during December, 1944	98
*	34. Water Court Application: P. W. McCay	101
*	35. Water Court Application: J. A. Visagie	102
*	36. Notice of Expropriation: Johannesburg	102
*	37. Notice of Expropriation: Cradock	103
*	38. Assizing of Weights and Measures: East London	103
*	39. Doorn River Irrigation Board: Election	104
*	40. Nuy River Irrigation Board: Election	104
*	41. Nkwa Leni Irrigation Board: Election	104
*	42. Klipfontein Irrigation Board: Election	104
*	43. Twyfelspoort Irrigation Board: Election	104
*	44. Hoops Rivier Irrigation Board: Election	104
*	45. Maasdorp Irrigation Board: Election	104
*	46. Neilersdrift Irrigation Board: Election	104
*	47. Mortimer Irrigation Board: Election	105
*	48. Koppieskraal Irrigation Board: Election	105
*	49. Application for the Registration of Mineral Mining Claim	105
*	50. Application for the Registration of Mineral Mining Claims	105
*	51. Health Bulletin No. 2 of 1945	105
*	52. Escaped Prisoner: Bottle Gush	106
*	53. Escaped Prisoner: Klaas Mokwena	106
	Tenders	107
	Vacancy for Female Nurse, Kingwilliamstown	111
	Vacancy for Female Clerk (Grade II), Lagersdrift	111
	Vacancies for Two Temporary Supervisors	112
	Vacancy for Female Teacher, Durbanville	112
	Vacancy for Female Teacher, Ladybrand	112
	Vacancies for Professional Assistants	113
	Vacant District and Additional District Surgeoncies	113
	S.A.R. & Harbours: Statement of Revenue and Expenditure	

(Continued on back cover.)

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE NICOLAAS JACOBUS DE WET, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 6, 1945.]

OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL.—WYSIGING VAN SEËLREGTE EN FOOIE.

Nademaal in die proklamasie betreffende die Oostelike Caprivi Zipfel, 1939 (Proklamasie No. 147 van 1939), bepaal is dat alle wette wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van genoemde proklamasie in die Oostelike Caprivi Zipfel van krag was, van krag moet bly totdat hulle herroep, verander, gewysig of gemodifeer word;

En nademaal dit wenslik is dat die wetter betreffende Seëlregte en Fooie gewysig word vir sover hulle op die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing is;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *twee* van die Vredesverdrag en Zuid West Afrika Mandaat Wet, 1919 (No. 49 van 1919), hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat die Seëlregte en Fooie Wysigingsordonnansie, 1931 (No. 6 van 1931), van die mandaatgebied Suidwes-Afrika vir sover dit op die Oostelike Caprivi Zipfel van toepassing is, gewysig word deur al die woorde na die woorde „ nuwe paragraaf " in paragraaf (*c*) van artikel *drie* te skrap en dit te vervang deur onderstaande subitem:—

	£	s.	d.
(1) Indien gegeven voor of bij betaling van een som geld die £1 of meer bedraagt	0	0	1

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria hede die Twee-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-veertig.

N. J. DE WET,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

JAN H. HOFMEYR.

PROCLAMATION

BY HIS EXELLENCY THE RIGHT HONOURABLE NICOLAAS JACOBUS DE WET, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 6, 1945.]

EASTERN CAPRIVI ZIPFEL.—STAMP DUTIES AND FEES AMENDMENT.

Whereas it is provided in the Eastern Caprivi Zipfel Proclamation, 1939 (Proclamation No. 147 of 1939), that all laws in force in the Eastern Caprivi Zipfel immediately prior to the commencement of that Proclamation should remain in force until repealed, altered, amended or modified;

And whereas it is desirable that the laws relating to Stamp Duties and Fees in its application to the Eastern Caprivi Zipfel should be amended;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by section *two* of the Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act, 1919 (No. 49 of 1919), I do hereby proclaim, declare and make known that the Stamp Duties and Fees Amendment Ordinance, 1931 (No. 6 of 1931), of the Mandated Territory of South West Africa shall, in its application to the Eastern Caprivi Zipfel, be amended by the deletion of all the words occurring after the words " new paragraph " in paragraph (*c*) of section *three* and the substitution therefor of the following sub-item:—

	£	s.	d.
(1) If given for or upon the payment of a sum of money amounting to £1 or more	0	0	1

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-second day of December One thousand Nine hundred and Forty-four.

N. J. DE WET,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

JAN H. HOFMEYR.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 73.] [19 Januarie 1945.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Immuniteit, No. 9 van 1932, geregistreer is as geregtig op diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet:—

Nederlandse gesantskap.
Mev. Catharina Beekman.
Jongeheer Johannes Nicolaas Beekman.
Jongeheer Rudolf Phillip Beekman.
Mej. Fay van Haersolte.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 65.] [19 Januarie 1945.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die voorneme bestaan om Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag te vra om sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die regulasies vir die bereddering en verdeling van naturelleboedels afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1664 van 1929, soos gewysig, soos in onderstaande Bylae aangedui.

BYLAE.

KONSEPWYSIGING.

1. Artikel *twee* word herroep en deur die volgende nuwe artikel vervang:—

„ 2. As 'n naturel sterf sonder om 'n geldige testament na te laat, moet al sy goed (insluitende onroerende goed) waarop subartikel (1) of subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet nie betrekking het nie, op die volgende wyse, verdeel word:—

(*a*) As die oorledene gedurende sy lewe gewoonlik woonagtig was in enige gebied buite die Unie behalwe Portugees-Oos-Afrika, moet alle roerende goed in sy boedel na betaling van vorderings wat betaalbaar mag

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 73.] [19 January 1945.

It is hereby notified that the following persons are registered in terms of section *four* of the Diplomatic Immunities Act, No. 9 of 1932 as being entitled, to diplomatic immunity under the said Act:—

Netherlands Legation.
Mrs. Catharina Beekman.
Master Johannes Nicolaas Beekman.
Master Rudolf Phillip Beekman.
Miss Fay van Haersolte.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 65.] [19 January 1945.

It is hereby notified for general information that it is proposed to seek the approval of His Excellency the Officer Administering the Government for the amendment of the regulations for the administration and distribution of Native Estates, published under Government Notice No. 1664 of 1929, as amended, in the manner set forth in the accompanying Schedule.

SCHEDULE.

DRAFT AMENDMENT.

1. By the repeal of Section 2 and the substitution therefor of the following new section:—

" 2. If a Native dies leaving no valid will, so much of his property (including immovable property) as does not fall within the purview of sub-section (1) or sub-section (2) of section *twenty-three* of the Act shall be distributed in the manner following:—

(*a*) If the deceased was, during his lifetime, ordinarily resident in any territory outside the Union other than Portuguese East Africa, all movable assets in his estate after payment of such claims as may be found to be due

blyk te wees, aan die beampte belas met die administrasie van die distrik of gebied waarin die oorledene gewoonlik woonagtig was, deurgestuur word om daaroor te beskik.

(*b*) As die oorledene ten tyde van sy afsterwe die houer was van 'n vrystellingsbrief uitgereik kragtens die bepalings van Natalse Wet No. 28 van 1865, of van 'n vrystellingsbrief uitgereik kragtens die bepalings van artikel *een-en-dertig* van die Wet wat hom vrystel van die toepassing van die Natalse Kode van Naturellereg vervat in die Bylae van Proklamasie No. 168 van 1932, of enige wysiging daarvan, gaan sy goed oor asof hy 'n blanke was.

(*c*) As die oorledene ten tyde van sy afsterwe—

(i) 'n party was by 'n huwelik in gemeenskap van goedere of op huweliksvoorwaarde; of

(ii) 'n wewenaar, weduwee of geskeie persoon was, na gelang van die geval, van 'n huwelik in gemeenskap van goedere of op huweliksvoorwaarde en nie oorleef is deur 'n party by 'n gebruiklike verbinding wat na die ontbinding van genoemde huwelik aangegaan is nie, moet die goed oorgaan asof hy 'n blanke was.

(*d*) As 'n oorlede naturel oorleef word deur 'n party—

(i) met wie hy wettig buite gemeenskap van goedere kragtens die bepalings van subartikel (6) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet getroud was, of

(ii) met wie hy 'n gebruiklike verbinding aangegaan het, of

(iii) wat ten tyde van sy afsterwe as sy sogenaamde vrou met hom saamgeleef het,

of deur 'n nakomeling van hom of van so 'n party, en die omstandighede van so 'n aard is dat dit na die mening van die Minister die toepassing van naturellereg en -gebruik op al of 'n gedeelte van sy goed onregverdig of ongeskik maak, kan die Minister gelas dat vermelde goed of genoemde gedeelte daarvan (na gelang van die geval) moet oorgaan asof genoemde naturel en die genoemde party wettig buite gemeenskap van goedere getroud was (of dit nou in werklikheid die geval was of nie) en asof genoemde naturel 'n blanke was.

(*e*) As die oorledene nie onder enige van die klasse in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*) of (*d*) val nie, moet die goed volgens naturellereg en -gebruik verdeel word:"

2. Die volgende nuwe subartikel (6) word aan Artikel 3 toegevoeg:—

„(6) Enigeen wat opgeroep of gedaag word om voor 'n naturellekommissaris te verskyn soos in subartikels (2) en (3) bepaal, begaan 'n oortreding as hy—

(i) na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die naturellekommissaris om voor hom te verskyn, weier of versuim om aldus te verskyn op die tyd, plek en datum wat in genoemde kennisgewing vir die doel deur die naturellekommissaris vasgestel is, of.

(ii) versuim of weier om te antwoord op enige vraag wat deur die naturellekommissaris aan hom gestel word en wat hy volgens wet verplig sou gewees het om te antwoord as die saak in geskil die onderwerp van 'n saak in 'n naturellekommissaris se hof was en hy 'n getuie in die saak was."

✱ No. 70.] [19 Januarie 1945.

BROU VAN KAFFERBIER VIR HUISHOUDELIKE VERBRUIK.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake kragtens subartikel (1)*bis* van artikel *twintig* en paragraaf (*d*)*ter* van subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923 (Wet No. 21 van 1923), soos gewysig, onderstaande regulasies uitgevaardig het wat van krag is in enige lokasie, naturelledorp of stadsgebied waarin die brou van kafferbier vir huisgebruik wettig is kragtens die bepalings van artikel *twintig* van die Wet:—

1. In hierdie regulasies beteken die woord „Wet" die Naturellen (Stadsgebieden) Wet 1923 (Wet No. 21 van 1923), soos van tyd tot tyd gewysig, en tensy dit met die sinsverband onbestaanbaar is, beteken „voorgeskrewe amptenaar" 'n amptenaar wat gelisensieer is ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *elf* van die Wet.

Enige ander uitdrukking of woord het die betekenis wat deur die Wet daaraan toegeskryf is.

2. (1) Elke huisbewoner wat kafferbier vir huishoudelike verbruik wil brou, vervaardig, gebruik of besit, kan om 'n permit wat magtiging verleen, vir die brou, vervaardiging, gebruik of besit van kafferbier aansoek doen—

(*a*) by die voorgeskrewe amptenaar, as die huisbewoner in 'n lokasie of naturelledorp woon;

(*b*) by die amptenaar wat kragtens subartikel (1)*bis* van artikel *twintig* van die Wet gemagtig is ingeval die huisbewoner nie in 'n lokasie of naturelledorp woon nie.

(2) (*a*) Indien aansoek by 'n voorgeskrewe amptenaar gedoen word, moet hy, indien die applikant 'n huisbewoner in die betrokke lokasie of naturelledorp is, 'n permit uitreik vir 'n bepaalde tydperk van minstens sewe en hoogstens agen-twintig dae, met inbegrip van die datum van uitreiking.

shall be forwarded to the officer administering the district or area in which the deceased was ordinarily resident for disposal by him.

(*b*) If the deceased was at the time of his death the holder of letters of exemption issued under the provisions of Natal Law No. 28 of 1865, or of a letter of exemption issued under the provisions of section *thirty-one* of the Act, exempting him from the operation of the Natal Code of Native Law contained in the Schedule to Proclamation No. 168 of 1932, or any amendment thereof, the property shall devolve as if he had been a European.

(*c*) If the deceased, at the time of his death was—

(i) a partner in a marriage in community of property or under ante-nuptial contract; or

(ii) a widower, widow or divorcee, as the case may be, of a marriage in community of property or under ante-nuptial contract and was not survived by a partner to a customary union entered into subsequent to the dissolution of such marriage,

the property shall devolve as if he had been a European.

(*d*) When any deceased native is survived by any partner—

(i) to whom he was lawfully married without community of property under the provisions of sub-section (6) of section *twenty-two* of the Act, or

(ii) with whom he had entered into a customary union, or

(iii) who was at the time of his death living with him as his putative spouse,

or by any issue of himself and any such partner, and the circumstances are such as in the opinion of the Minister to render the application of Native law and custom to the devolution of the whole, or some part, of his property inequitable or inappropriate, the Minister may direct that the said property or the said part thereof (as the case may be) shall devolve as if the said native and the said partner had been lawfully married out of community of property (whether or not such was in fact the case) and as if the said native had been a European.

(*e*) If the deceased does not fall under any of the classes described in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*) and (*d*), the property shall be distributed according to Native law and custom."

2. By the addition to Section 3 of the following new sub-section (6):—

"(6) Any person called or summoned before a Native Commissioner as provided for in sub-sections (2) and (3) who—

(i) having received written notice from such Native Commissioner to appear before him, refuses or neglects so to appear at the time and place and on the date fixed in such notice by the Native Commissioner for such purpose, or

(ii) neglects or refuses to answer any question put to him by such Native Commissioner which he could legally have been required to answer had the matter at issue been the subject of an action in a Court of a Native Commissioner and had he been a witness in such action,

shall be guilty of an offence."

✱ No. 70.] [19 January 1945.

DOMESTIC BREWING OF KAFFIR BEER.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has made the following regulations in terms of sub-section (1)*bis* of section *twenty* and paragraph (*d*)*ter* of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (Act No. 21 of 1923), as amended, to be applied in any location, native village or urban area in which the domestic brewing of kaffir beer is lawful under the provisions of section *twenty* of that Act:—

1. In these regulations the word "Act" means the Natives (Urban Areas) Act, 1923 (Act No. 21 of 1923), as amended from time to time, and unless inconsistent with the context—

"prescribed officer" means an officer licensed in terms of sub-section (1) of section *eleven* of the Act;

Any other expression or word shall have the meaning which has been assigned to it by the Act.

2. (1) Every householder who desires to brew, manufacture, use or possess kaffir beer for domestic consumption may apply for a permit authorising the brewing, manufacture, use or possession of kaffir beer—

(*a*) to the prescribed officer, if the householder resides in a location or native village;

(*b*) to the officer authorised under sub-section (1)*bis* of section *twenty* of the Act, in the event of the householder not residing in a location or native village.

(2) (*a*) If application is made to a prescribed officer he shall, if the applicant is a householder in the location or native village concerned, issue a permit for a specified period of not less than seven or more than twenty-eight days, inclusive of the day of issue. Subject to the provisions of

Die permit moet onderworpe aan die bepalings van regulasie *vier*, op aansoek van die betrokke huisbewoner van tyd tot tyd vir soortgelyke tydperke verleng word.

(*b*) Indien aansoek by die amptenaar in paragraaf (*b*) van subregulasie (1) van hierdie regulasie genoem, gedoen word en die aansoek toegestaan word, moet hy 'n permit vir 'n bepaalde tydperk van minstens sewe en hoogstens ag-en-twintig dae, met inbegrip van dié datum van uitreiking, uitreik. Die permit kan onderworpe aan die bepalings van paragraaf (*b*) van subartikel (1)*bis* van artikel *twintig* van die Wet, op aansoek van die betrokke huishouer van tyd tot tyd vir soortgelyke tydperke verleng word.

(3) Die permit moet geteken word deur die voorgeskrewe amptenaar by wie aansoek gedoen is of deur 'n persoon wat behoorlik en skriftelik daartoe deur hom gemagtig is, of in geval van 'n huisbewoner wat nie in 'n lokasie of naturelledorp woon nie, deur die gemagtigde amptenaar by wie aansoek gedoen is, moet gestempel word met sy offisiële datumstempel en moet onderstaande besonderhede vermeld—

(*a*) die hoeveelheid kafferbier, minstens twee en hoogstens tien gellings, wat gedurende elke tydperk van sewe dae wat die permit geldig is vir huishoudelike verbruik gebrou, vervaardig, gebruik of besit mag word; en

(*b*) die perseel waarop kafferbier gebrou, vervaardig, gebruik of besit mag word.

3. (1) Die Minister kan op versoek van enige stedelike plaaslike bestuur by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat regulasie *twee* nie binne enige bepaalde lokasie of Naturelledorp onder beheer van die stedelike plaaslike bestuur van krag is nie.

(2) Wanneer die Minister ingevolge subregulasie (1) van hierdie regulasie 'n kennisgewing uitgevaardig het, kan elke huisbewoner binne die betrokke lokasie of naturelledorp sonder permit in daardie lokasie of naturelledorp kafferbier vir huisgebruik brou, vervaardig, gebruik of besit, met dien verstande dat geen huisbewoner meer as vier gellings kafferbier op 'n slag mag brou, vervaardig gebruik of besit nie.

4. Die voorgeskrewe amptenaar kan enige naturel wat veroordeel is omdat hy bedwelmende drank of kafferbier aan enigeen verkoop of verskaf het of omdat hy in onwettige besit van sodanige drank of kafferbier gevind is, vir 'n tydperk van hoogstens sestig dae op 'n slag belet om kafferbier vir huishoudelike verbruik in enige lokasie of naturelledorp te brou, te vervaardig, te gebruik of te besit.

5. (1) Enige huisbewoner wat kafferbier in 'n gebied waarop regulasie *twee* van toepassing is, brou, vervaardig, gebruik of besit—

(*a*) sonder die magtiging van 'n permit wat ingevolge genoemde regulasie aan hom uitgereik is;

(*b*) op 'n ander perseel as dié vermeld in die permit wat ingevolge genoemde regulasie aan hom uitgereik is; of

(*c*) wat die hoeveelheid oorskry wat bepaal is in 'n permit wat ingevolge genoemde regulasie aan hom uitgereik is, pleeg 'n misdryf.

(2) Enige huisbewoner wat in 'n lokasie of naturelledorp waarop die bepalings van subregulasie (2) van regulasie 3 van toepassing is meer as vier gellings kafferbier op 'n slag brou, vervaardig, gebruik of besit, pleeg 'n misdryf.

(3) Enige naturel, wat gedurende enige tydperk van drankverbod wat ingevolge regulasie 4 op hom gelê is, kafferbier vir huishoudelike verbruik brou, vervaardig, gebruik of in besit daarvan is in enige lokasie of naturelledorp waarop hierdie regulasies van toepassing is, pleeg 'n misdryf.

Goewermentskennisgewing No. 1632 van 7 Oktober 1938 word hierby herroep.

---

* No. 74.] [19 Januarie 1945.

BEHEER EN VERBETERING VAN LEWENDE HAWE.—VASSTELLING VAN VEE-EENHEDE, KEIMOND-PLASE, KENTANI.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Naturellesake ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *drie* van Proklamasie No. 31 van 1939 die getal vee-eenhede wat die verbeteringsgebied in, die Bylae hiervan beskryf (bekend as die Keimond-plase in die distrik Kentani) kan dra op duisend-en-vyftig (1,050) vasgestel het.

BYLAE.

Perseel No. 1 (6434), Restant van Perseel No. 2 (6435) en Perseel No. 3 (6436), Keimond-reserwe, distrik Kentani.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

† No. 29.] [12 Januarie 1945.

BANKOPGAWES.

Ingevolge artikel *dertien* (3) van die Bankwet, 1942, word onderstaande bankopgawes vir algemene inligting gepubliseer.

regulation 4 the permit shall on the application of the householder concerned be extended from time to time for like periods.

(*b*) If application is made to the officer referred to in paragraph (*b*) of sub-regulation (1) of this regulation and the application is granted he shall issue a permit for a specified period of not less than seven or more than twenty-eight days, inclusive of the day of issue. Subject to the provisions of paragraph (*b*) of sub-section (1)*bis* of section *twenty* of the Act the permit may on the application of the householder concerned be extended from time to time for like periods.

(3) The permit shall be signed by the prescribed officer to whom application is made or by some person duly authorised in writing by him so to do, or in the case of a householder not residing in a location or native village, by the authorised officer to whom application is made, shall be stamped with the official date stamp of the issuing officer and shall specify—

(*a*) the quantity of kaffir beer, not being less than two or more than ten gallons, which may be brewed, manufactured, used or possessed for domestic consumption during each period of seven days of the currency of the permit; and

(*b*) the premises in or upon which the kaffir beer may be brewed, manufactured, used or possessed.

3. (1) The Minister may at the request of an urban local authority determine by notice in the *Gazette* that the provisions of regulation *two* shall not apply within any specified location or native village under the control of such urban local authority.

(2) Whenever the Minister has issued a notice under sub-regulation (1) of this regulation, every householder within the location or native village concerned may, without permit brew, manufacture, use or possess kaffir beer in that location or native village for domestic consumption: Provided that no householder shall at any one time brew, manufacture, use or possess more than four gallons of kaffir beer.

4. The prescribed officer may prohibit, for a period not exceeding sixty days at a time, the brewing, manufacture, use or possession of kaffir beer for domestic consumption, in any location or native village, by any Native convicted of selling or supplying intoxicating liquor or kaffir beer to any person or of being in unlawful possession of such liquor or kaffir beer.

5. (1) Any householder who in any area in which the provisions of regulation *two* apply, brews, manufactures, uses or possesses kaffir beer—

(*a*) without the authority of a permit issued to him in terms of that regulation;

(*b*) in or upon any premises other than the premises specified in a permit issued to him in terms of that regulation; or

(*c*) which is in excess of the quantity specified in a permit issued to him in terms of that regulation;

shall be guilty of an offence.

(2) Any householder who in any location or native village in which the provisions of sub-regulation (2) of regulation *three* apply, brews, manufactures, uses or possesses more than four gallons of kaffir beer at any one time shall be guilty of an offence.

(3) Any native who, during any period of prohibition imposed upon him in terms of regulation *four*, brews, manufactures, uses or is in possession of kaffir beer for domestic consumption in any location or native village in which these regulations apply, shall be guilty of an offence.

Government Notice No. 1632, dated 7th October, 1938, is hereby repealed.

---

* No 74.] [19 January 1945.

CONTROL AND IMPROVEMENT OF LIVE STOCK.—ASSESSMENT OF CATTLE UNITS, KEI MOUTH FARMS, KENTANI.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *three* of Proclamation No. 31 of 1939, the Secretary for Native Affairs has assessed at one thousand and fifty (1,050) the number of cattle units which the betterment area described in the Schedule hereto (known as the Kei Mouth farms in the District of Kentani) is able to carry.

SCHEDULE.

Lot No. 1 (6434), remaining extent of Lot No. 2 (6435) and Lot No. 3 (6436), Kei Mouth Reserve, District of Kentani.

DEPARTMENT OF FINANCE.

† No. 29.] [12 January 1945.

BANK RETURNS.

In terms of section *thirteen* (3) of the Banking Act, 1942, the following Banking Returns are published for general information.

MAANDELIKSE OPGAWES DEUR HANDELSBANKE VIR DIE MAAND GEËINDIG OP DIE DERTIGSTE DAG VAN NOVEMBER 1944.
[Ingevolge artikel *dertien* (1) (*a*) van die Bankwet, 1942].

MONTHLY RETURNS BY COMMERCIAL BANKS FOR THE MONTH ENDING ON THE THIRTIETH DAY OF NOVEMBER, 1944.
[Required in terms of Section *thirteen* (1) (*a*) of the Banking Act, 1942].

L.W.—Tot tyd en wyl alle aansoeke om registrasie kragtens die Bankwet, 1942, afgehandel is, het onderstaande syfers betrekking op die instellings wat registrasie as Handelsbanke *verlang*.

NOTE.—Until such time as all applications for registration under the Banking Act, 1942, have been disposed of, the figures published below relate to those institutions *seeking* registration as Commercial Banks.

	Barclays Bank (Dominion, Colonial and Overseas).	Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika.	The Standard Bank of South Africa, Limited.	Die Stellenbossche Distriksbank, Beperk.	Volkskas (Koöperatief), Beperk.	Totaal. Total.
VERPLIGTINGS TEENOOR DIE PUBLIEK IN DIE UNIE. LIABILITIES TO THE PUBLIC IN THE UNION.	£	£	£	£	£	£
Onmiddellike opeisbare verpligtings—*Demand Liabilities*	108,957,249	7,237,099	111,068,846	487,132	5,151,110	232,901,436
Termynverpligtings—*Time Liabilities*	14,565,716	704,063	11,989,145	356,433	1,766,155	29,381,512
Totale verpligtings teenoor die publiek—*Total Liabilities to the Public*	123,522,965	7,941,162	123,057,991	843,565	6,917,265	262,282,948
BATE IN DIE UNIE—ASSETS IN THE UNION.						
Pasmunt—*Subsidiary Coin*	512,495	41,671	506,787	2,844	25,139	1,088,936
Goudmunt en staafgoud—*Gold Coin and Bullion*	26,825	399,062	38,072	—	—	463,959
Suid-Afrikaanse Reserwebank-biljette—*Notes of South African Reserve Bank*	2,127,360	165,872	2,497,613	18,351	174,223	4,983,419
Kreditsaldo in die Suid-Afrikaanse Reserwebank—*Credit Balance in South African Reserve Bank*	73,651,002	3,461,414	67,118,333	110,000	1,262,187	145,597,936
Totale kontantreserwes—*Total Cash Reserves*	76,317,682	4,068,019	70,155,805	131,195	1,461,549	152,134,250
Ander liquide bate—*Other Liquid Assets*	29,080,981	1,556,944	33,958,739	315,713	1,139,130	66,051,507
Totale lenings en diskonterings—*Total Loans and Discounts*	17,607,513	2,206,014	18,538,306	479,850	4,089,273	42,920,956
VERHOUDINGSYFERS—RATIOS.	%	%	%	%	%	%
Reserwepersentasie—*Reserve Ratio*	61·78	51·23	57·01	15·55	21·13	58·00
Persentasie liquide bate—*Liquid Asset Ratio*	85·33	70·83	84·61	52·98	37·60	83·19

† Herpubliseer soos verbeter. | † Republished as corrected.

✱ No. 66, 1945.]

DOEANEWET No. 35 VAN 1944.—TYDELIKE OPSKORTING VAN REGTE OP VOLROOM-MELK, GEKONDENSEER EN VERSOET, WAT IN DIE UNIE INGEVOER WORD.

Ek, JAN HENDRIK HOFMEYR, Minister van Finansies, skort hierby, kragtens artikel *een-en-tagtig* van die Doeanewet, (No. 35 van 1944), en tot nader kennisgewing, die regte van 15s. per 100 lb. op waarvoor in item 32 (*a*) (1) van die Doeanetarief voorsiening gemaak is ten opsigte van volroomgekondenseerde, versoete melk, wat in die Unie ingevoer word.

JAN H. HOFMEYR.
Minister van Finansies.

✱ No. 66, 1945.]

CUSTOMS ACT No. 35 OF 1944.—TEMPORARY SUSPENSION OF DUTY ON FULL CREAM SWEETENED CONDENSED MILK IMPORTED INTO THE UNION.

I, JAN HENDRIK HOFMEYR, Minister of Finance, in terms of section *eighty-one* of the Customs Act (No. 35 of 1944), hereby suspend until further notice the duty of 15s. per 100 lb. provided for in item 32 (*a*) (i) of the Customs Tariff in respect of full cream sweetened condensed milk imported into the Union.

JAN H. HOFMEYR.
Minister of Finance.

✱ No. 67.] [19 Januarie 1945.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, gelee te hoek van Kempston- en Harrowerweg, Port Elizabeth, in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, en aangewys by Goewermentskennisgewing No. 1635 van 29 Oktober 1937, vir die vry opberging van buitebande, binnebande en motorbenodigdhede onder waarborg op naam van die firma Firestone South Africa (Pty.), Limited;

So word hierby bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane die aanwysing van *bogenoemde* pakhuis kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 (Wet No. 9 van 1913); herroep het.

✱ No. 67.] [19 January 1945.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse, situate at the corner of Kempston and Harrower Roads, Port Elizabeth, in the Province of Cape of Good Hope, appointed by Government Notice No. 1635 of 29th October, 1937, for the free warehousing under bond of tyres, tubes and accessories, in the name of Firestone South Africa (Pty.), Limited;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act, 1913 (Act No. 9 of 1913), the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 75.] [19 Januarie 1945.

PLAASLIK GEREGISTREERDE EFFEKTE (NIE-RENTEDRAEND).

VERLORE SERTIFIKAAT.

Sertifikaat No. 409, vir £70, ten gunste van John Conraad Cook.

Aangesien by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verlore is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat tensy die oorspronklike binne vier weke vanaf die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 75.] [19 January 1945.

LOCAL REGISTERED STOCK, NON-INTEREST BEARING.

LOST CERTIFICATE.

Certificate No. 409, for £70, in favour of John Conraad Cook.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost, or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 95. SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. 19 Januarie 1945.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 12de dag van Januarie 1945.

LASTE.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	1,000,000	0	0
Note in omloop	56,694,935	0	0
Deposito's van :—			
(*a*) Regering	4,977,413	15	1
(*b*) Bankiers	157,103,057	11	4
(*c*) Andere	6,943,232	0	7
Wissels te betaal	—		
Ander laste	5,027,997	12	11
	£232,746,635	19	11

BATES.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud	98,423,975	6	6
Pasmunt	273,545	7	6
Verdiskonteerde wissels :—			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	26,393,105	0	6
Lenings en voorskotte aan die Regering	9,700,000	0	0
Ander lenings en voorskotte	2,402,042	13	7
Regeringsekuriteite	9,682,519	6	5
Ander sekuriteite	—		
Ander bates	85,871,448	5	5
	£232,746,635	19	11

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 43·6 persent.
Geteken die 16de dag van Januarie 1945.

L. J. COCKHEAD, Onder Hoofkassier.

★No. 95.] SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [19th January 1945.

Statement pursuant to section *nineteen* (1) (*c*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 12th day of January, 1945.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	1,000,000	0	0
Notes in Circulation	56,694,935	0	0
Deposits :—			
(*a*) Government	4,977,413	15	1
(*b*) Bankers	157,103,057	11	4
(*c*) Other	6,943,232	0	7
Bills Payable	—		
Other Liabilities	5,027,997	12	11
	£232,746,635	19	11

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion	98,423,975	6	6
Subsidiary Coin	273 545	7	6
Bills Discounted :—			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	26,393,105	0	6
Loans and Advances to the Government	9,700,000	0	0
Other Loans and Advances	2,402,042	13	7
Government Securities	9,682,519	6	5
Other Securities	—		
Other Assets	85,871,448	5	5
	£232,746,635	19	11

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 43·6 per cent

Dated this 16th day of January, 1945.

L. J. COCKHEAD Deputy Chief Cashier

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU.

No. 2112.] [15 Desember 1944.

VOORGENOME DEMARKASE VAN SUBRESERWE (*e*), BRANDERS-BOSRESERWE, VAN RESERWE No. II KATBERG-BOSRESERWE, AFDELING STOCKENSTROM.

Ooreenkomstig artikel *nege* van die Bos- en Veldbewaringswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), word hierby vir algemene informasie bekendgemaak dat die Minister van Landbou en Bosbou voornemens is om die ongedemarkeerde bosgrond in die Bylae hieronder beskrywe en geleë in die Afdeling Stockenstrom, Kaapprovinsie, tot gedemarkeerde bos te verklaar. 'n Afskrif van die verslag oor die terrein, gesertifiseer deur die Landmeter-generaal, Kaapstad, met kaart daaraan geheg, is by die kantoor van die Magistraat, Seymour, ingedien en is gedurende kantoorure sonder betaling vir insae beskikbaar.

BYLAE.

Reserwe No.	Naam van Reserwe.	Grootte. Morge.	Vk. roede
II	Katberg-bosreserwe : Subreserwe (*e*), Branders-bosreserwe.....	10	70

15 D-19 J-16 F

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

★ No. 76.] [10 Januarie 1945.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, uniform en wapen van Dale-kollege, Kingwilliamstown, soos beskrywe in Goewermentskennisgewing No. 1571 van 8 September 1944, geregistreer het.

★ No. 77.] [11 Januarie 1945.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—BEACONSFIELD CLUB.

Kragtens subartikel 1 van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet 1935 (No. 23 van 1935), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die President van die „ Beaconsfield Club ", Johannesburg, aansoek gedoen het om die registrasie van die klub se naam. Enigeen wat daardeur geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat verkrygbaar is van die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria.

Naam : Beaconsfield Club.

★ No. 78.] [10 Januarie 1945.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake kragtens die bepalings van artikel *vyf* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, uniform (kleure) en wapen van die Normaalkollege Studente-Unie, Bloemfontein, soos beskrywe in Goewermentskennisgewing No. 1516 van 6 September 1944, geregistreer het.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FORESTRY.

No. 2112.] [15 December 1944.

PROPOSED DEMARCATION OF SUB-RESERVE (*e*), BRANDERS FOREST RESERVE, OF RESERVE II, KATBERG FOREST RESERVE, DIVISION OF STOCKENSTROM.

In terms of section *nine* of the Forest and Veld Conservation Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), it is hereby notified for general information that it is the intention of the Minister of Agriculture and Forestry to declare the undemarcated forest land described in the Schedule hereto, and situated in the Division of Stockenstrom, Cape Province, to be demarcated forest. A copy of a report on the area, certified by the Surveyor-General, Cape Town, with the diagram attached thereto, has been deposited and is available for inspection, free of charge, during office hours at the office of the Magistrate, Seymour.

SCHEDULE.

Reserve No.	Name of Reserve.	Extent. Morgen.	Sq. Roods.
II	Katberg Forest Reserve : Sub-reserve (*e*), Branders Forest Reserve....	10	70

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

★ No. 76.] [10 January 1945.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.

It is notified, for general information, that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, uniform and badge of the Dale College, Kingwilliamstown, as described in Government Notice No. 1571 of the 8th September, 1944.

★ No. 77.] [11 January 1945.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—BEACONSFIELD CLUB.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section 1 of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (No. 23 of 1935), that the President of the Beaconsfield Club, Johannesburg, has applied for the registration of the club's name. Any person affected or likely to be affected, who desires to raise objections to the grant of the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form, obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name : Beaconsfield Club.

★ No. 78.] [10 January 1945.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.

It is notified for general information that the Minister of the Interior, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), has registered the name, uniform (colours) and badge of the „ Normaalkollege Studente-Unie ", Bloemfontein, as described in Government Notice No. 1516 of the 6th September, 1944.

✱ No. 79.] [9 Januarie 1945.

NUUSBLAD- EN DRUKKERSNAAM-WET, 1934, AFKORTINGS VAN DRUKKERSNAAM GEREGISTREER INGEVOLGE ARTIKEL *AGT*.

DRUKKERSNAAM OP DRUKWERK.

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *sewe* en *agt* van die Nuusblad- en Drukkersnaam-Wet, 1934 (Wet No. 14 van 1934), onderstaande drukkers te magtig om die afkortings teenoor hul name vermeld as drukkersnaam benewens of in plaas van hul volledige name en adresse te gebruik.

Naam. *Name.*	Adres. *Address.*	Goedgekeurde afkorting. *Abbreviation Authorized.*
Die Firma/*Messrs.* Mariannhill Mission Press	Pk./*P.O.* Mariannhill, Natal	"M.H.P.".
Dir Firma/*Messrs.* The Kling Press	Markstraat 66/66 *Market Street*, Piet Retief	"Kling".

✱ No. 79.] [9 January 1945.

NEWSPAPER AND IMPRINT ACT, 1934, IMPRINT ABBREVIATIONS REGISTERED UNDER SECTION *EIGHT*.

IMPRINT ON PRINTED MATTER.

(2) At places other than Simonstown, which are up to and including 200 miles from Cape Town, Durban, East London, Mossel Bay, Port Elizabeth or Johannesburg railway stations.....	2 2	2 5	7 4	13 6	47 1
(3) At places which are more than 200 miles from Cape Town, Durban, East London, Mossel Bay, Port Elizabeth or Johannesburg railway stations.....	2 3	2 6	7 6	14 0	48 1

Provided that, where the consumer provides the container, the following shall apply :—

(*a*) Per 20, 25 or 26 oz. bottle, the prices specified in (1), (2) and (3) above, less twopence per bottle.

(*b*) At the rate per gallon, 11s. 7d. for purchases of over one bottle, but less than four gallons.

✱ No. 89.] [19 Januarie 1945.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYS VAN DETTOL No. 12 GROOTTE (DIVERSE HUISHOUDELIKE WARE).

Ek, HARRY DE LACY BURNHAM, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen ooreenkomstig subregulasie (2) (*a*) (i) van regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, soos vervang deur regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 52 van 1944, wysig hierby—

(1) subartikel 11 (Ontsmettingsvloeistof) van artikel 20 (Diverse Huishoudelike Ware) van deel II van die Aanhangsel van Goewermentskennisgewing No. 1632 van 10 September 1943, deur die byvoeging van item (*e*) „Dettol, No. 12 grootte", soos aangegee in deel II van die Aanhangsel hiervan;

(2) subartikel 11 (Ontsmettingsvloeistof) van artikel 20 (Diverse Huishoudelike Ware) van deel III van die Aanhangsel van Goewermentskennisgewing No. 1632 van 10 September 1943 deur die byvoeging van item (*e*) „Dettol, No. 12 grootte", soos aangegee in deel III van die Aanhangsel hiervan;

(3) subartikel 11 (Ontsmettingsvloeistof) van artikel 21 (Diverse Huishoudelike Ware) van deel IV van die Aanhangsel van Goewermentskennisgewing No. 1632 van 10 September 1943 deur die byvoeging van item (*e*) „Dettol, No. 12 grootte", soos aangegee in deel IV van die Aanhangsel hiervan.

H. DE L. BURNHAM,
Adjunk-pryskontroleur.

✱ No. 89.] [19 January 1945.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICE OF DETTOL, No. 12 SIZE (HOUSEHOLD SUNDRIES).

In terms of regulation 3 of War Measure No. 95 of 1943, I, HARRY DE LACY BURNHAM, Deputy Price Controller, acting under and by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of sub-regulation (2) (*a*) (i) of regulation 1 of the said War Measure as substituted by regulation 1 of War Measure No. 52 of 1944, do hereby amend—

(1) sub-section 11 (Disinfectant Fluid) of section 20 (Household Sundries) of Part II of the Annexure to Government Notice No. 1632 of 10th September, 1943, by the addition of item (*e*) "Dettol No. 12 size" as set forth in Part II of the Annexure hereto;

(2) sub-section 11 (Disinfectant Fluid) of section 20 (Household Sundries) of Part III of the Annexure to Government Notice No. 1632 of 10th September, 1943, by the addition of item (*e*) "Dettol No. 12 size" as set forth in Part III of the Annexure hereto;

(3) sub-section 11 (Disinfectant Fluid) of section 21 (Household Sundries) of Part IV of the Annexure to Government Notice No. 1632 of 10th September, 1943, by the addition of item (*e*) "Dettol No. 12 size" as set forth in Part IV of the Annexure hereto.

H. DE L. BURNHAM,
Deputy-Price Controller.

AANHANGSEL.

DEEL II.

MAKSIMUM PRYSE WAT DEUR FABRIKANTE GEVRA MAG WORD.

20. DIVERSE HUISHOUDELIKE WARE.

Die volgende pryse sluit vry aflewering by die koper se stasie op enige plek binne die Unie van Suid-Afrika in, alleen in die geval van hoeveelhede van een of meer kiste, en is onderworpe aan 'n korting van 10 persent :—

(11) Ontsmettingsvloeistof :—

(*e*) Dettol No. 12 grootte.....34s. per dosyn.

DEEL III.

MAKSIMUM GROOTHANDELPRYSE.

	(*a*) *In Kaapstad, Durban, Oos-Londen, Mosselbaai, Port Elizabeth en op plekke wat tot 50 myl van die spoorwegstasies Kaapstad, Durban Oos-Londen, Mosselbaai of Port Elizabeth af geleë is.*	(*b*) *In Bloemfontein, Kimberley, Pretoria, aan die Witwatersrand en op plekke wat meer as 50 myl tot 500 myl van die spoorwegstasies Kaapstad, Durban, Oos-Londen, Mosselbaai of Port Elizabeth af geleë is.*	(*c*) *Elders.*
	s. d.	s. d.	s. d.
20. DIVERSE HUISHOUDELIKE WARE.			
(11) Ontsmettingsvloeistof :—			
(*e*) Dettol No. 12 grootte per dosyn.....	37 0	37 0	37 0

DEEL IV.

MAKSIMUM KLEINHANDELPRYSE.

21. DIVERSE HUISHOUDELIKE WARE.			
(11) Ontsmettingsvloeistof :—			
(*e*) Dettol No. 12 grootte per houer.....	4 0	4 0	4 0

ANNEXURE.

PART II.

MAXIMUM PRICES WHICH MAY BE CHARGED BY MANUFACTURERS.

20. HOUSEHOLD SUNDRIES.

The following prices include free delivery to buyer's station anywhere in the Union of South Africa in case of lots only, and are subject to a discount of 10 per cent. :—

(11) Disinfectant Fluid :—

(*e*) Dettol No. 12 size.....34s. per dozen.

PART III.

MAXIMUM WHOLESALE PRICES.

	(a) *At Cape Town, Durban, East London, Mossel Bay, Port Elizabeth and at places up to and including 50 miles from Cape Town, Durban, East London, Mossel Bay or Port Elizabeth railway stations.*	(b) *At Bloemfontein, Kimberley, Pretoria, Witwatersrand and at places which are more than 50 miles up to and including 500 miles from Cape Town, Durban, East London, Mossel Bay or Port Elizabeth railway stations.*	(c) *Elsewhere.*
20. HOUSEHOLD SUNDRIES.			
(11) Disinfectant Fluid :—			
(c) Dettol No. 12 size, per dozen	s. d. 37 0	s. d. 37 0	s. d. 37 0

PART IV.

MAXIMUM RETAIL PRICES.

21. HOUSEHOLD SUNDRIES.			
(11) Disinfectant Fluid :—			
(c) Dettol No. 12 size container	4 0	4 0	4 0

✱ No. 90.] [19 Januarie 1945.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN TEE.

Ek, HARRY DE LACY BURNHAM, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen ooreenkomstig subregulasie (2) (*a*) (i) van regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, soos vervang deur regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 52 van 1944, wysig Goewermentskennisgewing No. 404 van 10 Maart 1944 (Maksimum Pryse van Tee), hierby kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943 deur paragrawe (1) en (2) daarvan, *met ingang van 1 Februarie* 1945, deur die volgende nuwe paragrawe te vervang:—

(1) Die maksimum kleinhandelprys wat 'n verpakker ooreenkomstig subparagraaf (1) van paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing No. 1998 van 29 Oktober 1943, op enige pakkie wat tee bevat wat hy verpak het moet laat merk, moet in geen geval die volgende pryse oorskry nie:—

(*a*) *Twee sjielings en elf pennies* per pond is die maksimum kleinhandelprys van hierdie tee op die plek waar dit verpak is, as dit in Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth of Kaapstad verpak is;

(*b*) *drie sjielings* per pond is die maksimum kleinhandelprys van hierdie tee op die plek waar dit verpak is, as dit elders as in Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth of Kaapstad verpak is; en

(*c*) *drie sjielings* per pond is die maksimum kleinhandelprys waarteen hierdie tee elders as op die plek waar dit verpak is, verkoop mag word;

(2) die maksimum kleinhandelprys waarteen los tee verkoop mag word—

(*a*) mag in Durban, Kaapstad, Oos-Londen en Port Elizabeth, as spoorvrag nie deur die verpakker betaal word nie, in geen geval hoër as *twee sjielings en agt en 'n halwe pennie* per pond wees nie; en

(*b*) mag elders en in Kaapstad, Oos-Londen en Port Elizabeth, as spoorvrag deur die verpakker betaal word, in geen geval hoër as *twee sjielings en nege en 'n halwe pennie* per pond wees nie.

H. DE L. BURNHAM,
Adjunk-pryskontroleur.

OPMERKINGS.

(1) Die doel van hierdie kennisgewing is om die maksimum pryse wat deur die verpakker op verpakte tee aangebring kan word, met *twee pennies* per lb. te verminder.

(2) Na 1 Februarie 1945 kan 'n handelaar wat in besit is van 'n pakkie tee gemerk deur die verpakker met die maksimum prys wat voor dié datum van krag was, dié pakkie teen genoemde prys verkoop ondanks die feit dat dit die nuwe maksimum prys oorskry.

(3) In die geval van los tee, egter, moet handelaars hul vanaf 1 Februarie 1945 aan die nuwe maksimum pryse hou.

✱ No. 91.] [19 Januarie 1945.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VIR DIE HAARKAPPERSBEDRYF.

Ek, HARRY DE LACY BURNHAM, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen ooreenkomstig subregulasie (2) (*a*) (i) van regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, soos vervang deur regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 52 van 1944, bepaal hierby, kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, as volg:—

(1) Die maksimum prys wat 'n mansbaarkapper in onderstaande gebiede vir die daaronder vermelde dienste mag vra, is die prys wat teenoor elke sodanige diens vermeld staan—

(*a*) *Pretoria, die Witwatersrand, Vereeniging en Durban.*

	s.	d.
Haarsny (mans)	2	0
Haarsny (seuns) op Saterdag	2	0
Skeer	1	0
Skeer met warm handdoek	1	3
Skroei	1	0
Harewas (behalwe olie- en droë harewas)	1	0

(*b*) *Alle plekke in die Unie behalwe Pretoria, die Witwatersrand, Vereeniging en Durban.*

Haarsny (mans)	1	3
Haarsny (seuns) op enige dag behalwe Saterdag	0	9
Haarsny (seuns) op Saterdag	1	0
Skeer	0	9

✱ No. 90.] [19 January 1945.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF TEA.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 95 of 1943, I, HARRY DE LACY BURNHAM, Deputy-Price Controller, acting under and by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of sub-regulation (2) (*a*) (i) of regulation 1 of the said War Measure, as substituted by War Measure No. 52 of 1944, do hereby *with effect from 1st February*, 1945, amend Government Notice No. 404 of 10th March, 1944 (Maximum Prices of Tea) by the substitution for paragraphs (1) and (2) thereof of the following new paragraphs:—

(1) The maximum retail price that a packer shall, in accordance with sub-paragraph (1) of paragraph 1 of Government Notice No. 1998 of 29th October, 1943, cause to be marked on any packet containing tea packed by him shall in no case exceed—

(*a*) *two shillings and eleven pence* per lb. as the maximum retail price of such tea at the centre at which it was packed, if such tea was packed at Durban, East London, Port Elizabeth or Cape Town;

(*b*) *three shillings* per lb. as the maximum retail price of such tea at the centre at which it was packed, if such tea was packed elsewhere than at Durban, East London, Port Elizabeth or Cape Town; and

(*c*) *three shillings* per lb. as the maximum price at which such tea may be sold elsewhere than at the centre at which it was packed;

(2) the maximum retail price at which loose tea may be sold—

(*a*) at Durban and at Cape Town, East London and Port Elizabeth when railage is not paid by the packer shall in no case exceed *two shillings and eight pence half-penny* per lb.; and

(*b*) elsewhere and at Cape Town, East London and Port Elizabeth when railage is paid by the packer shall in no case exceed *two shillings and nine pence half-penny* per lb.

H. DE L. BURNHAM,
Deputy-Price Controller.

NOTES.

(1) The purpose of this notice is to reduce by *twopence* per lb. the "ceiling" prices that may be marked on packetted teas by packers.

(2) After 1st February, 1945, a dealer in possession of a packet of tea, marked by the packer with the ceiling price in force prior to that date, may dispose of that packet at such price notwithstanding that it is higher than the new "ceiling" price.

(3) In the case of loose tea, however, the new "ceiling" prices are binding upon dealers with effect from 1st February, 1945.

✱ No. 91.] [19 January 1945.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM CHARGES FOR HAIRDRESSING.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 95 of 1943, I, HARRY DE LACY BURNHAM, Deputy-Price Controller, acting under and by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of sub-regulation (2) (*a*) (i) of regulation 1 of the said War Measure, as substituted by regulation 1 of War Measure No. 52 of 1944, do hereby—

(1) fix as the maximum charge that may be made by any men's hairdresser in the areas specified hereunder for any of the services specified thereunder the price specified opposite each such service—

(*a*) *Pretoria, Witwatersrand, Vereeniging and Durban.*

	s.	d.
Haircut (men's)	2	0
Haircut (boys') performed on Saturday	2	0
Shave	1	0
Shave with hot towel	1	3
Singe	1	0
Shampoo (other than oil or dry shampoo)	1	0

(*b*) *All places in the Union other than Pretoria, the Witwatersrand, Vereeniging and Durban.*

Haircut (men's)	1	3
Haircut (boys') performed on any day other than Saturday	0	9
Haircut (boys') performed on Saturday	1	0
Shave	0	9

met dien verstande egter dat die prys vir 'n diens in subparagraaf (*b*) vermeld nie van toepassing is op 'n manshaarkapper in die gebiede wat in genoemde subparagraaf vermeld word nie, indien—

(i) die prys gewoonlik deur sodanige haarkapper gedurende die maand Augustus 1941 vir hierdie diens gevra, hoër was as die prys wat daarin aangegee word;

(ii) sodanige haarkapper skriftelike verlof van die Pryskontroleur verkry het om vir die diens 'n hoër prys te vra as dié in vermelde subparagraaf aangegee;

(2) die maksimum prys wat 'n manshaarkapper mag vra vir 'n diens ten aansien waarvan hy deur die voorbehoudsbepaling van artikel (1) vrygestel is van die maksimum pryse in subparagraaf (*b*) van paragraaf (1) aangegee, is die prys gewoonlik deur hom vir die diens gedurende die maand Augustus 1941 gevra of die prys wat hy skriftelik deur die Kontroleur gemagtig is om vir die dienste te vra, watter een ook al van toepassing is;

(3) die maksimum prys wat 'n manshaarkapper mag vra vir 'n diens deur hom verrig waarvoor die maksimum prys nie deur die bepalings van paragraaf (1) of (2) hiervan vasgestel is nie, is die prys gewoonlik deur so'n haarkapper gedurende die maand Augustus 1941 gevra of, as die haarkapper nie gedurende genoemde maand die bedryf uitgeoefen het nie, die prys gewoonlik deur ander manshaarkappers wat op dieselfde plek besigheid dryf vir die dienste gevra, of as daar geen ander haarkapper is wat op dieselfde plek die bedryf uitoefen nie, die prys gewoonlik deur manshaarkappers op die naaste plek gevra;

(4) die maksimum prys wat 'n dameshaarkapper mag vra vir 'n diens deur so'n haarkapper verrig, is die prys gewoonlik vir die diens deur so'n haarkapper gedurende die maand Augustus 1941 gevra, of as die haarkapper nie gedurende genoemde maand die bedryf uitgeoefen het nie, die prys gewoonlik deur ander dameshaarkappers op dieselfde plek vir dié diens gevra, of as daar geen ander haarkapper is wat op dieselfde plek die bedryf uitoefen nie, die prys gewoonlik deur dameshaarkappers op die naaste plek gevra;

(5) elke haarkapper (hetsy mans- of dames-) moet onder die opskrif: „Maksimum Veroorloofde Pryse" die maksimum pryse wat hy kragtens die bepalings van hierdie kennisgewing vir die dienste wat hy verrig, mag vra, in albei amptelike tale en in duidelik leesbare vorm vertoon op 'n plek in sy winkel of salon wat in die ooglopend en vir alle klante maklik toeganklik is;

(6) vir doeleindes van hierdie kennisgewing beteken—

„Durban", „Pretoria" en „Vereeniging" onderskeidelik die munisipale gebiede Durban, Pretoria en Vereeniging;

„Witwatersrand", die munisipale gebiede Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort-Maraisburg, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan en Springs, en sluit „Unie" die Mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai uit;

(7) die volgende Goewermentskennisgewings in verband met die maksimum pryse vir die haarkappersbedryf, naamlik, No. 2237 van 10 Desember 1943 en No. 403 van 10 Maart 1944, word hierby herroep.

H. DE L. BURNHAM,
Adjunk-pryskontroleur.

OPMERKINGS.

1. Paragraaf 3 van hierdie kennisgewing stel die maksimum pryse wat manshaarkappers vir dienste wat nie in paragraaf (1) vermeld is nie kan vra, vas op die pryse wat gedurende die maand Augustus 1941 gewoonlik gevra is. Eweneens stel paragraaf (4) die pryse vir alle dienste wat deur dameshaarkappers verrig word, vas op die pryse wat gedurende die maand Augustus 1941 gewoonlik gevra is. Hierdie bepalings is 'n herhaling van dié wat in Goewermentskennisgewing No. 2237 van 10 Desember 1943 vervat is.

2. Feitlik die enigste verandering wat deur hierdie kennisgewing aangebring word, is dat die maksimum prys vir 'n manshaarsny in die gebiede Pretoria, Rand, Vereeniging en Durban spesifiek op 2s. vasgestel is. In hierdie gebiede is haarkappers veroorloof om op Saterdag vir 'n seunshaarsny dieselfde prys te vra. Die maksimum prys wat hulle op enige ander dag vir seunshaarsny mag vra, bly op die „bevriesde" basis.

★ No. 92.] [19 Januarie 1945.

PRYSBEHEER.

VRYSTELLING VAN DIE MAKSIMUM VORDERINGS VIR DIE HERSTEL VAN YSKASTE.

Ek, HARRY DE LACY BURNHAM, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen ooreenkomstig subregulasie (2) (*a*) (i) van regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, soos vervang deur regulasie 1 van Oorlogsmaatreël No. 52 van 1944, bepaal hierby kragtens regulasies 12 en 9 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, as volg:—

(1) Enige firma in kolom 1 van die Bylae hiervan vermeld wat die diens verrig van *herindiensstelling* van 'n lugdig verseëlde eenheid van 'n yskas van 'n fabrikaat wat in kolom 2 van genoemde Bylae teenoor dié firma se naam aangegee word, word vrygestel van die bepalings van paragrawe (1) en (3) van Goewermentskennisgewing No. 2099 van 8 Desember 1944;

provided, however, that the charges for any service specified in sub-paragraph (*b*) shall not apply to any men's hairdresser in the areas specified in the said sub-paragraph if—

(i) the charge ordinarily made by such hairdresser during the month of August, 1941, for such service exceeded the charge therein specified; or

(ii) such hairdresser has received the written permission of the Price Controller to make for such service a charge in excess of that specified in the said sub-paragraph;

(2) fix the maximum charge that may be made by any men's hairdresser in respect of any service for which he is, by the proviso to paragraph (1), exempted from the maximum charges specified in sub-paragraph (*b*) of paragraph (1), at the charge ordinarily made by him for such service during the month of August, 1941, or at the charge he has been authorised, in writing, by the Controller to make for such services, whichever may be applicable;

(3) fix the maximum charge that may be made by any men's hairdresser for any service rendered by him for which the maximum charge has not been fixed by the provisions of paragraph (1) or (2) hereof at the charge ordinarily made by such hairdresser during the month of August, 1941, or, if such hairdresser did not carry on business during the said month, at the charge ordinarily made for such services by other men's hairdressers carrying on business in the same place, or, if there is no other hairdresser carrying on business in the same place, at the charge ordinarily made by men's hairdressers in the nearest place;

(4) fix the maximum charge that may be made by any ladies' hairdresser for any service rendered by such hairdresser at the charge ordinarily made for such service by such hairdresser during the month of August, 1941, or if such hairdresser did not carry on business during the said month, at the charge ordinarily made for such service by other ladies' hairdressers in the same place, or, if there is no other hairdresser carrying on business in the same place, at the charge ordinarily made by ladies' hairdressers at the nearest place;

(5) direct that every hairdresser (whether men's or ladies') shall under the heading "Maximum Permissible Charges" display in both official languages in clearly legible form, and at a place in his shop or saloon which is prominent and easily accessible to all customers, the maximum charges which, in terms of the provisions of this notice, he is permitted to make for the services rendered by him;

(6) direct that for the purposes of this notice—

"Durban", "Pretoria" and "Vereeniging" mean the Municipal Areas of Durban, Pretoria and Vereeniging respectively;

"Witwatersrand" means the Municipal Areas of Randfontein, Krugersdorp, Roodepoort-Maraisburg, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan and Springs; and

"Union" excludes the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay;

(7) withdraw the following Government Notices relating to the maximum charges for hairdressing, namely, No. 2237 of 10th December, 1943, and No. 403 of 10th March, 1944.

H. DE L. BURNHAM,
Deputy-Price Controller.

NOTES.

1. Paragraph (3) of this notice freezes the maximum charges that men's hairdressers may make for services not specified in paragraph (1) at the charges ordinarily made during the month of August, 1941. Paragraph (4) likewise freezes the charges for all services rendered by ladies' hairdressers at the charges ordinarily made during the month of August, 1941. These provisions are a repetition of those included in Government Notice No. 2237 of 10th December, 1943.

2. Virtually the only change introduced by this notice is that the maximum charge for a man's haircut has been specifically fixed at 2s. in the Pretoria, Rand, Vereeniging and Durban areas. Hairdressers in these areas are permitted to charge the same price for a boy's haircut on Saturdays. The maximum charge they may make for a boy's haircut on any other day remains on the "frozen" basis.

★ No. 92.] [19 January 1945.

PRICE CONTROL.

EXEMPTION FROM MAXIMUM CHARGES FOR REPAIRING REFRIGERATORS.

In terms of regulations 12 and 9 of War Measure No. 95 of 1943, I, HARRY DE LACY BURNHAM, Deputy-Price Controller, acting under and by virtue of the powers assigned to me by the Price Controller in terms of sub-regulation (2) (*a*) (i) of regulation 1 of the said War Measure, as substituted by regulation 1 of War Measure No. 52 of 1944, do hereby—

(1) exempt from the provisions of paragraphs (1) and (3) of Government Notice No. 2099 of 8th December, 1944, any firm specified in column 1 of the Schedule hereto that performs the service of *re-operation* to the hermetically sealed unit of any make of refrigerator set forth opposite such firm's name in column 2 of the said Schedule;

(2) enige sodanige firma wat gebruik maak van die vrystelling waarvoor paragraaf (1) hiervan voorsiening maak, moet, wanneer die yskas of lugdig verseëlde eenheid daarvan aan die klant teruggesorg word, aan die klant 'n gedateerde faktuur verstrek wat in duidelik leesbare vorm in enigeen van die amptelike tale vermeld dat die lugdig verseëlde eenheid *weer in diens gestel* is, asook onderstaande besonderhede:—

(*a*) Die naam en adres van die firma wat die diens van *herindiensstelling* verrig;
(*b*) die naam en adres van die klant;
(*c*) die fabrikaat van die yskas wat *weer in diens gestel* is;
(*d*) 'n beskrywing van enige onderdele wat verskaf is;
(*e*) die prys gevorder vir die *herindiensstelling* en vir elke onderdeel wat verskaf is;
(*f*) as die yskas of lugdig verseëlde eenheid deur so'n firma afgehaal en/of afgelwer is, die mylafstand wat afgelê is om die yskas of eenheid af te haal en/of af te lewer, die bedrag per myl vir hierdie diens gevorder [wat ooreenkomstig paragraaf (2) van Goewermentskennisgewing No. 2099 van 8 Desember 1944 nie meer as 6d. per myl mag wees nie] en die totale vordering vir die afhaal en/of aflewering;
(*g*) die totaal van die vorderings in subparagrawe (*e*) en (*f*) hierbo vermeld;

(3) vir doeleindes van hierdie kennisgewing beteken—

„klant", die skynbare eienaar van, of die persoon deur wie of op wie se versoek die yskas of lugdig verseëlde eenheid vir afhaal of *herindiensstelling* oorhandig is;

„*herindiensstelling*", enige herstelwerk aan die lugdig verseëlde eenheid van 'n yskas in kolom 2 van die Bylae hiervan vermeld wat die oopmaak van die lugdig verseëlde eenheid noodsaak, behalwe die suiwering van die suiweringskroef.

H. DE L. BURNHAM,
Adjunk-pryskontroleur.

OPMERKING.

Hierdie vrystelling ten opsigte van *herindiensstelling* is alleen van toepassing op die firmas in die Bylae genoem wat slegs op die vrystelling geregtig is as hulle verseëlde aanhede van yskaste van die fabrikate wat in die Bylae teenoor hulle name vermeld word, *weer in diens stel*. Verder moet daarop gelet word dat die vrystelling nie op die diens van suiwering betrekking het nie. Die bepalings van die hoofkennisgewing, nl., Goewermentskennisgewing No. 2099 van 8 Desember 1944, is op hierdie diens van toepassing.

BYLAE.

KOLOM 1. *Firmas.*	KOLOM 2. *Fabrikaat van yskas.*
General Motors South Africa, Limited, Winchester House, Johannesburg	Frigidaire.
Westinghouse Electric Company of S.A., Limited, Maritime House, Johannesburg	Genalex en Westinghouse.
S.A. General Electric Company, Limited, hoek van Webber- en Richardstraat, Selby, Johannesburg	General Electric en Hotpoint.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 93.] [19 Januarie 1945.

OORLOGSMAATREEL No. 145 VAN 1942.

PERSNYWERHEID, WITWATERSRAND.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die skeidsregter, mnr. F. McGregor, aangestel kragtens Oorlogsmaatreël No. 145 van 1942, vir die beslegting van 'n arbeidsgeskil wat in die nywerheid waarin werkgewers en werknemers betrokke is by die pers van kledingstukke in die magistraatsdistrikte Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Nigel, kan ontstaan, op 30 Januarie 1945 vanaf 10 vm. vertoë sal aanhoor in die Raadskamer, Departement van Arbeid; Nuwe Magistraatskantore, Marshallstraat, Johannesburg.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 94.] [19 Januarie 1945.

LANDSNOODTOESTAND-REGULASIES.—AANSTELLING VAN WAARNEMENDE ADJUNK-HOOFBESTUURSBEAMPTE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Justisie, in oorleg met die Minister van Verdediging, Ronald Campbell Stewart ooreenkomstig regulasie 9 van die Landsnoodtoestand-regulasies (Proklamasie No 201 van 1939), soos gewysig, met ingang van 15 Januarie 1945 aangestel het om as Adjunk-hoofbestuursbeampte vir die Unie op te tree gedurende die afwesigheid van William McLoughlin met verlof.

(2) direct that any such firm that avails itself of the exemption provided in paragraph (1) hereof shall give to the customer at the time when the refrigerator or hermetically sealed unit thereof is returned to such customer, a dated invoice setting forth in legible form, in either official language, that the hermetically sealed unit has been *re-operated* and the following particulars:—

(*a*) The name and address of the firm performing the service of *re-operation;*
(*b*) the name and address of the customer;
(*c*) the make of the refrigerator *re-operated;*
(*d*) a description of any components supplied;
(*e*) the price charged for the *re-operation* and for each component supplied;
(*f*) if the refrigerator or hermetically sealed unit was collected and/or delivered by such firm, the number of miles travelled in collecting and/or delivering such refrigerator or unit, the charge per mile for such service [which in terms of paragraph (2) of Government Notice No. 2099 of 8th December, 1944, may not exceed 6d. per mile] and the total charge for collecting and/or delivering;
(*g*) the total of the charges specified in terms of subparagraphs (*e*) and (*f*) above;

(3) direct that for the purposes of this notice—

"*customer*" means the apparent owner of or the person by whom or at whose instance the refrigerator or hermetically sealed unit thereof was handed over for collection or *re-operation;*

"*re-operation*" means any repair to the hermetically sealed unit of a refrigerator specified in column 2 of the Schedule hereto which necessitates the breaking of the hermetic seal of such unit, other than the repair of purging any purging screw.

H. DE L. BURNHAM,
Deputy-Price Controller.

NOTE.

This exemption in respect of *re-operation* is only applicable to those firms mentioned in the Schedule and they are only entitled to the exemption when *re-operating* sealed units of those makes of refrigerators that appear opposite their names in the Schedule. It should be further noted that the exemption does not apply to the service of purging. For this service the provisions of the principal notice, i.e., Government Notice No. 2099 of 8th December, 1944, applies.

SCHEDULE.

COLUMN 1. *Firms.*	COLUMN 2. *Make of Refriyerator.*
General Motors South Africa, Limited, Winchester House, Johannesburg	Frigidaire.
Westinghouse Electric Company of S.A., Limited, Maritime House, Johannesburg	Genalex and Westinghouse.
S.A. General Electric Company, Limited, cor. Webber and Richards Streets, Selby, Johannesburg	General Electric and Hotpoint.

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 93.] [19 January 1945.

WAR MEASURE No. 145 OF 1942.

PRESSING INDUSTRY, WITWATERSRAND.

It is hereby notified for general information that the arbitrator, Mr. F. McGregor, appointed in terms of War Measure No. 145 of 1942, to determine a labour dispute which may arise in the industry in which employers and employees are associated for the pressing of garments in the Magisterial Districts of Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs and Nigel, will hear representations on the 30th January, 1945, commencing at 10 a.m. in the Board Room, Department of Labour, New Magistrate's Courts, Marshall Street, Johannesburg.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 94.] [19 January 1945.

NATIONAL EMERGENCY REGULATIONS.—APPOINTMENT OF ACTING DEPUTY CHIEF CONTROL OFFICER.

It is hereby notified for general information that the Minister of Justice, in consultation with the Minister of Defence, has, in terms of regulation 9 of the National Emergency Regulations (Proclamation No. 201 of 1939), as amended, appointed Ronald Campbell Stewart to act as Deputy Chief Control Officer for the Union with effect from 15th January, 1945, during the absence on leave of William McLoughlin.

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur en onder die toesig van die Staatsdrukker, Pretoria.

Printed in the Union of South Africa by and under the superintendence of the Government Printer, Pretoria.

INDUSTRIAL EMPLOYERS' ASSOCIATION,
(NATAL SECTION)

Staatskoerant
VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA
THE UNION OF SOUTH AFRICA
Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

VOL. CXXXIX.] PRYS 6d. PRETORIA, 26 JANUARIE 26 JANUARY 1945 PRICE 6d. [No. 3441

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No		BLADSY
	Proklamasie.	
✱ 8.	Datum waarop die Wysigingswet op Kinders, 1944, in werking tree	117
	Goewermentskennisgewings.	
	DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱ 105.	Wet op Diplomatieke Immuniteit, 1932: Registrasie	119
✱ 106.	Wet op Diplomatieke Immuniteit, 1932: Registrasies	119
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱ 96.	Doeanepakhuis, Oos-Londen: Herroeping van Aanwysing	120
✱ 97.	Doeanepakhuis, Kaapstad: Herroeping van Aanwysing	120
✱ 107.	Opening van 'n Inkomstekantoor te Wesselsbron	120
✱ 108.	S.A. Reserwebank: Opgawe	120
✱ 114.	Staat van Inkomste en Leningsterugbetalings	121
✱ 115.	Staat van Invorderinge van Provinsiale Inkomste	122
✱ 121.	Doeanepakhuis, Durban: Herroeping van Aanwysing	123
	DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:	
✱ 88.	Maksimum Pryse van Kookvet (Plantaardig) en Kook- en/of Slaai-olie (*B.S.* No. 3440).	
✱ 89.	Maksimum Prys van Dettol, No. 12 Grootte (Diverse Huishoudelike Ware) (*B.S.* No. 3440).	
✱ 90.	Maksimum Pryse van Tee (*B.S.* No. 3440).	
✱ 91.	Maksimum Pryse vir die Haarkappersbedryf (*B.S.* No. 3440).	
✱ 92.	Vrystelling van die Maksimum Vorderings vir die Herstel van Yskaste (*B.S.* No. 3440).	
	DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN BOSBOU:	
✱ 116.	Mond-en-Klouseerbeperkings	123
	DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:	
✱ 103.	Naturalisasieopgawe	125
✱ 104.	Indeling van Poste in die Staatsdiens	128
✱ 120.	Voorgeskrewe Poste in die Staatsdiens	129
	DEPARTEMENT VAN ARBEID:	
✱ 93.	Persnywerheid, Witwatersrand: Vertoë (*B.S.* No. 3440).	
✱ 98.	Maal en Droogmaak van Stysel, Germiston: Onafgebroke Werk	130
✱ 99.	Steengroefnywerheid, Paarl: Ooreenkoms	130
✱ 100.	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Steengroefnywerheid, Paarl	134
✱ 101.	Bounywerheid, Westelike Provinsie: Ooreenkoms	134
✱ 102.	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Bounywerheid, Westelike Provinsie	142
✱ 109.	Handel met Naturelle, Witwatersrand en Heidelberg: Wysigingsooreenkoms	142
✱ 110.	Aanstelling van Lede van die Sentrale Gesag vir Werkloosheidbystandsfondse	143
✱ 111.	Komitee vir Vakleerlinge in die Bou- en Ingenieursnywerhede (Myne), Transvaal: Lidmaatskap	143
✱ 117.	Loonwet, 1937, Visnywerheid: Verbetering ...	144
✱ 118.	Vasstelling No. 123, Visnywerheid: Verbetering	144
✱ 119.	Ooreenkoms vir Motornywerheid, Natal: Verlenging van Tydperk	144

B.S. = Buitengewone Staatskoerant.

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazette Extraordinary" are included in the weekly Index.

No.		PAGE
	Proclamation.	
✱ 8.	Date of Coming into Operation of the Children's (Amendment) Act, 1944	117
	Government Notices.	
	DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.	
✱ 105.	Diplomatic Immunities Act, 1932: Registration	119
✱ 106.	Diplomatic Immunities Act, 1932: Registrations	119
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱ 96.	Bonded Warehouse, East London: Revocation of Appointment	120
✱ 97.	Bonded Warehouse, Cape Town: Revocation of Appointment	120
✱ 107.	Opening of Revenue Office at Wesselsbron	120
✱ 108.	S.A. Reserve Bank: Statement	120
✱ 114.	Statement of Revenue and Loan Recoveries ...	121
✱ 115.	Statement of Provincial Revenue Collections ...	122
✱ 121.	Bonded Warehouse, Durban: Revocation of Appointment	123
	DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:	
✱ 88.	Maximum Prices of Cooking Fat (Vegetable) and Cooking and/or Salad Oil (*G.G.E.* No. 3340).	
✱ 89.	Maximum Price of Dettol, No. 12 Size (Household Sundries) (*G.G.E.* No. 3440).	
✱ 90.	Maximum Prices of Tea (*G.G.E.* No. 3440).	
✱ 91.	Maximum Charges for Hairdressing (*G.G.E.* No. 3440).	
✱ 92.	Exemption from Maximum Charges for Repairing Refrigerators (*G.G.E.* No. 3440).	
	DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FORESTRY:	
✱ 116.	Foot and Mouth Disease Restrictions	123
	DEPARTMENT OF THE INTERIOR:	
✱ 103.	Return of Naturalization	125
✱ 104.	Classification of Posts in the Public Service ...	128
✱ 120.	Prescribed Posts in the Public Service	129
	DEPARTMENT OF LABOUR:	
✱ 93.	Pressing Industry, Witwatersrand: Representations (*G.G.E.* No. 3440).	
✱ 98.	Milling and Drying of Starch, Germiston: Continuous Working	130
✱ 99.	Quarry Industry, Paarl: Agreement	130
✱ 100.	Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Quarry Industry, Paarl	134
✱ 101.	Building Industry, Western Province: Agreement	134
✱ 102.	Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Building Industry, Western Province ...	142
✱ 109.	Native Trade, Witwatersrand and Heidelberg: Amending Agreement	142
✱ 110.	Appointment of Members of Central Authority for Unemployment Benefit Funds	143
✱ 111.	Transvaal Building and Engineering (Mines) Apprenticeship Committee: Membership ...	143
✱ 117.	Wage Act, 1937—Fish Industry: Correction ...	144
✱ 118.	Determination No. 123—Fish Industry: Correction	144
✱ 119.	Agreement for the Motor Industry, Natal: Extension of Period	144

G.G.E. = Government Gazette Extraordinary.

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No.		BLADSY
	DEPARTEMENT VAN MYNWESE:	
*	112. Intrekking en Uitreiking van 'n Diamantslypers-lisensie	144
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
*	113. Brou van Kafferbier: „Tylden Railway Construction Works", Distrik Queenstown	144
	Algemene Kennisgewings.	
	KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS:	
*	57. Lidmaatskaplyste	145
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
	28. Opmeting van Kroongrond (Kaap)	145
	DIVERSE:	
	52. Ontsnapte Bandiet: Bottle Gush	146
	53. Ontsnapte Bandiet: Klaas Mokwena	146
*	54. Gewetensgeld	146
*	55. Besproeiingsraad Bellair: Belasting	146
*	56. Besproeiingsraad Oukloof: Belasting	146
*	58. Winsbelasting op Vasgoed	147
*	59. Opgetelde Diamante	147
*	60. Vergadering van die S.A. Skeepvaartraad ...	148
*	61. Besproeiingsraad Oberholzer: Verkiesing	148
*	62. Rivierraad Mooirivier: Verkiesing	148
*	63. Besproeiingsraad Somerset-Oos: Verkiesing ...	148
*	64. Besproeiingsraad Rooikoppies-Wes: Verkiesing	148
*	65. Besproeiingsraad Spekboomrivier: Verkiesing	148
*	66. Handel op Myngrond: S. Cohen	148
*	67. Handel op Myngrond: B. Cohen	149
*	68. Gesondheidsbulletin No. 3 van 1945	149
*	69. Kennisgewing aan Seeliede No. 81	150
*	70. Kennisgewing van Onteiening: Barkly-Wes ...	150
*	71. Kennisgewing van Onteiening: Paarl	150
*	72. Hersiening van Besproeiingskieslyste, 1945: Mkuzi-valle	150
*	73. Hersiening van Besproeiingskieslyste, 1945: Kweekvallei, ens.	151
*	74. Hersiening van Besproeiingskieslyste, 1945: Sterkspruit	151
*	75. Besproeiingsraad Hougham Abrahamson: Verkiesing	151
	Tenders	151
	Vakature vir Verpleegster, Kingwilliamstown ...	155
	Vakature vir Vroulike Klerk (Graad II), Lagersdrift	155
	Vakature vir Onderwyseres, Durbanville	155
	Vakature vir Onderwyseres, Ladybrand	156
	Vakature vir Inspekteur van Naturelleskole ...	156
	Vakature vir Tydelike Mediese Inspekteur van Skole	156
	Vakature vir Tydelike Voltydse Inwonende Geneesheer: Vaal-Hartz-besproeiingswerke ...	156
	STAATSDIENSKOMMISSIE:	
	Vakatures vir Professionele Assistente	157
	Vakatures vir Apteker en Drogis, Graad II ...	157
	Vakante Poste vir Distriks- en Addisionele Distriksgeneeshere	157

ADVERTENSIES.

	BLADSY
Patente en Handelsmerke	i
Provinsie Transvaal	iv
Provinsie Kaap de Goede Hoop	xxi
Provinsie Natal	xxv
Provinsie Oranje-Vrystaat	xxvii
Boedel-kennisgewings	xxviii
Naturalisasie Kennisgewings	xlii

Government Notices (continued).

No.		PAGE
	DEPARTMENT OF MINES:	
*	112. Cancellation and Issue of a Diamond Cutter's Licence	144
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
*	113. Brewing of Kaffir Beer: Tylden Railway Construction Works, District of Queenstown	144
	General Notices.	
	CO-OPERATIVE AGRICULTURAL SOCIETIES:	
*	57. Membership Lists	145
	DEPARTMENT OF LANDS:	
	28. Crown Land Surveys (Cape)	145
	MISCELLANEOUS	
	52. Escaped Prisoner: Bottle Gush	146
	53. Escaped Prisoner: Klaas Mokwena	146
*	54. Conscience Money	146
*	55. Bellair Irrigation Board: Rate	146
*	56. Oukloof Irrigation Board: Rate	146
*	58. Fixed Property Profits Tax	147
*	59. Picked-up Diamonds	147
*	60. Meeting of S.A. Shipping Board	148
*	61. Oberholzer Irrigation Board: Election	148
*	62. Mooi River River Board: Election	148
*	63. Somerset East Irrigation Board: Election	148
*	64. Rooikoppies West Irrigation Board: Election ...	148
*	65. Spekboomrivier Irrigation Board: Election ...	148
*	66. Trading on Mining Ground: S. Cohen	148
*	67. Trading on Mining Ground: B. Cohen	149
*	68. Health Bulletin No. 3 of 1945	149
*	69. Notice to Mariners No. 81	150
*	70. Notice of Expropriation: Barkly West	150
*	71. Notice of Expropriation: Paarl	150
*	71. Revision of Irrigation Voters' Lists, 1945: Mkuzi Falls	150
*	73. Revision of Irrigation Voters' Lists, 1945: Kweekvallei, etc.	151
*	74. Revision of Irrigation Voters' Lists, 1945: Sterkspruit	151
*	75. Hougham Abrahamson Irrigation Board: Election	151
	Tenders	151
	Vacancy for Female Nurse, Kingwilliamstown ...	155
	Vacancy for Female Clerk (Grade II), Lagersdrift	155
	Vacancy for Female Teacher, Durbanville	155
	Vacancy for Female Teacher, Ladybrand	156
	Vacancy for Inspector of Native Schools	156
	Vacancy for Temporary Medical Inspector of Schools	156
	Vacancy for Temporary Resident Medical Officer, Vaal-Hartz Irrigation Works	156
	PUBLIC SERVICE COMMISSION:	
	Vacancies for Professional Assistants	157
	Vacancies for Chemist and Druggist, Grade II	157
	Vacant District and Additional District Surgeoncies	157

ADVERTISEMENTS.

	PAGE
Patents and Trade Marks	i
Transvaal Province	iv
Cape of Good Hope Province	xxi
Natal Province	xxv
Orange Free State Province	xxvii
Estate Notices	xxviii
Naturalization Notices	xlii

Koop Unie-leningsertifikate

Buy Union Loan Certificates

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE NICOLAAS JACOBUS DE WET, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 8, 1945.]

DATUM WAAROP DIE WYSIGINGSWET OP KINDERS, 1944 (WET No. 25 VAN 1944) IN WERKING TREE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Wysigingswet op Kinders, 1944 (Wet No. 25 van 1944), verklaar, proklameer en maak ek hierby bekend dat gemelde Wet in werking tree op die 1ste dag van Februarie 1945.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-veertig.

N. J. DE WET,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

H. G. LAWRENCE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *ses-en-tagtig* van die Kinderwet, No. 31 van 1937, soos gewysig, onderstaande wysigings van die regulasies wat ingevolge die Wet uitgevaardig en gepubliseer is in Goewermentskennisgewing No. 470 van 28 Maart 1940, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1927 van 25 September 1942, goed te keur.

1. Skrap reël 16 van Order II.

2. Skrap die opskrif van deel II en vervang dit deur onderstaande opskrif:—

„Regulasies vir die registrasie, sertifisering, klassifikasie en dryf van inrigtings en tehuise."

Voeg onderstaande regulasie aan deel II toe:—

„13. (1) Die bepalings van regulasies 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11 en 12, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek om die registrasie van 'n inrigting en op die klassifikasie en dryf van geregistreerde inrigtings.

(2) 'n Aansoek om die registrasie van 'n inrigting kragtens subartikel (3) van artikel *nege-en-dertig* (*bis*) moet op vorm K.W. 44 A aan die sekretaris voorgelê word, en die sertifikaat van registrasie kom op vorm K.W. 45 A."

4. Voeg die woorde „en van inrigtings en tehuise wat kragtens subartikel 2(*bis*) van artikel *ag-en-dertig* opgerig is" aan die end van die opskrif van deel III in.

5. Voeg onderstaande regulasie aan deel III toe:—

„14. (1) Die bepalings van regulasies 1, 2, [uitgeslote paragraaf (4)], 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 en 13 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n bestuur van 'n inrigting of tehuis wat kragtens subartikel 2(*bis*) van artikel *ag-en-dertig* opgerig is.

(2) Een van die bestuurslede van 'n inrigting of tehuis wat kragtens subartikel (3) van artikel *ag-en-dertig* deur die Minister aangestel is, word ten tyde van sy aanstelling as voorsitter aangewys."

6. (*a*) Voeg die volgende regulasie in aan die einde van deel IX:—

„27. Vir doeleindes van hierdie deel sluit die woord 'ouer' die woord 'stiefouer' in."

(*b*) Voeg die woorde „grootouer, of broer of ongetroude suster" in na die woorde „Voeg by die tariewe wat hierbo vermeld is, in elk geval onderstaande bedrae ten behoewe van 'n ouer" in regulasie 25 (*a*) (iv) van deel IX, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1927 van 25 September 1942."

7. Skrap die woorde „en die bedrag daarvan" in deel IX, regulasie 7 (1) (*d*).

8. Voeg die volgende reëls in op vorm K.W. 24 na die reël wat lui „onder nommer":—

„Geboorte geregistreer te.....;
Inskrywingsnommer....."

9. Voeg die woorde „onderneem of" in na die woord „inrigting" in paragraaf 7 op vorm K.W. 44.

10. In die Bylae van Voorgeskrewe Vorms—

(*a*) voeg 'n nuwe reël in wat as volg lees: „K.W. 44A. Aansoek om die registrasie van 'n inrigting ingevolge subartikel (3) van artikel *nege-en-dertig* (*bis*)" na die woorde „K.W. 44. Aansoek om sertifisering van 'n inrigting of tehuis ingevolge subartikel (1) of (2) van artikel *nege-en-dertig*";

(*b*) voeg 'n nuwe reël in wat as volg lees: „K.W. 45A. Sertifikaat van registrasie uitgereik aan 'n inrigting ingevolge subartikel (3) van artikel *nege-en-dertig* (*bis*)" na die woorde „K.W. 45. Sertifikaat uitgereik aan 'n inrigting ingevolge artikel *nege-en-dertig* (1)".

11. Voeg nuwe vorms K.W. 44A en K.W. 45A by, soos uiteengesit in die Bylae van hierdie reëls en regulasies.

17

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE NICOLAAS JACOBUS DE WET, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 8, 1945.]

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE CHIDREN'S (AMENDMENT) ACT, 1944 (ACT No. 25 OF 1944).

Under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-five* of the Children's (Amendment) Act, 1944 (Act No. 25 of 1944), I hereby declare, proclaim and make known that the said Act shall come into operation on the 1st day of February, 1945.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Cape Town this Twentieth day of January One thousand Nine hundred and Forty-five.

N. J. DE WET,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

H. G. LAWRENCE.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government, by virtue of the powers conferred on him by section *eighty-six* of the Children's Act, No. 31 of 1937, as amended, has been pleased to approve of the undermentioned amendments to the regulations made under the Act and published under Government Notice No. 470 of 28th March, 1940, as amended by Government Notice No. 1927 of 25th September, 1942.

1. The deletion of rule 16 of Order II.

2. The deletion of the heading to Part II and the substitution of the following heading:

"Regulations for the registration, certification, classification and conduct of institutions and hostels."

3. The addition in Part II of the following regulation:—

"13. (1) The provisions of regulations 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11 and 12 shall apply *mutatis mutandis* to an application for the registration of an institution and to the classification and conduct of registered institutions.

(2) An application for the registration of an institution under sub-section (3) of section *thirty-nine* (*bis*) shall be submitted to the Secretary in Form C.A. 44A, and the certificate of registration shall be in Form C.A. 45A."

4. The insertion at the end of the heading to Part III of the words "and of institutions and hostels established under sub-section 2(*bis*) of section *thirty-eight*".

5. The addition in Part III of the following regulation:—

"14. (1) The provisions of regulations 1, 2 [excluding paragraph (4)], 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 and 13 shall apply *mutatis mutandis* to a board of management of an institution or hostel established under sub-section 2(*bis*) of section *thirty-eight*.

(2) One of the members of a board of management of an institution or hostel appointed by the Minister under the provisions of sub-section (3) of section *thirty-eight* shall be designated as chairman at the time of his appointment."

6. (*a*) The addition at the end of Part IX of the following regulation:—

"27. For the purposes of this part the word 'parent' shall include 'a step-parent'."

(*b*) The insertion in regulation 25 (*a*) (iv) of Part IX, as amended by Government Notice No. 1927, dated 25th September, 1942, after the words "to the rates specified above, add in each case the following amounts on behalf of a parent" of the words "grandparent or brother or unmarried sister".

7. The deletion in Part IX, regulation 7 (1) (*d*), of the words "and the amount thereof".

8. The insertion in Form C.A. 24 after the line reading "under number" of the following lines:—

"Birth registered at.....;
Entry number....."

9. The insertion in Form C.A. 44 after the word "institution" in paragraph 7 of the words "undertakes or".

10. The insertion in the Schedule of Prescribed Forms—

(*a*) after the words "C.A. 44. Application for certification of an institution or hostel under sub-section (1) or (2) of section *thirty-nine*", of a new line reading as follows: "C.A. 44A. Application for the registration of an institution under sub-section (3) of section *thirty-nine* (*bis*);

(*b*) after the words "C.A. 45. Certificate issued to an institution under section *thirty-nine* (1)" of a new line reading as follows: "C.A. 45A. Certificate of registration issued to an institution under sub-section (3) of section *thirty-nine* (*bis*)."

11. The inclusion of new Forms C.A. 44A and C.A. 45A as set out in the Schedule to these Rules and Regulations.

1

VORM K.W. 44A.

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N INRIGTING INGEVOLGE SUB-ARTIKEL (3) VAN ARTIKEL *NEGE-EN-DERTIG (BIS)* VAN DIE KINDERWET, No 31 VAN 1937.

(1) Naam van inrigting_____
(2) Adres_____
(3) Komitee van bestuur—

(*a*) Naam van President_____
(*b*) Naam van Voorsitter_____
(*c*) Naam van Sekretaris_____
(*d*) Naam van Tesourier_____
(*e*) Naam van Ouditeur(e)_____

(4) Totale ledetal van komitee_____
(5) Wyse waarop die komitee aangestel of gekies word_____

(6) Hoe dikwels vergader:—

(*a*) Algemene Komitee?_____
(*b*) Uitvoerende Komitee?_____

(7) Bepaalde soort werk wat die inrigting onderneem of voorneemens is te onderneem. Skryf „ja" of „nee" teenoor die volgende:—

(*a*) Behoeftige en verwaarloosde kinders_____
(*b*) Moeilike of probleemkinders_____
(*c*) Jeugdige oortreders_____
(*d*) Subnormale of agterlike kinders_____
(*e*) Swaksinnige kinders_____
(*f*) Liggaamlik belemmerde kinders—
(i) Kreupeles_____
(ii) hartlyers_____
